forward together · saam vorentoe · masiye phambili

Uit die Rektor se kantoor

10 Junie 2020

**Bykans 2020 se halfpadmerk en terugkeer na US-kampusse**

Beste Kollegas en Studente

Die 2020-akademiese jaar het die halfpadmerk bereik. Hoewel dit tot dusver ’n kronkelende en opdraande roete was, het ons die assesseringstyd bereik – ’n duidelike aanduiding dat ons daarin geslaag het om die probleme van die eerste semester te oorkom, ondanks die uitdagings en ontwrigtings wat COVID-19 en die verlengde tydperk van algehele inperking meegebring het.

En soos baie toegewyde marathonatlete sal kan getuig, vul die halfpadmerk die hardloper gewoonlik met ’n gevoel van verligting dat jou energiereserwes en goeie voorbereiding jou sover gedra het. Maar die gevoel van prestasie word terselfdertyd getemper deur die werklikheid van die tweede helfte se opdraandes en plato’s met hul eie uitdagings wat nog voorlê.

Gedurende hierdie uitdagende tyd het ons as ’n instelling ’n kaliber van behendigheid en vlugvoetigheid getoon wat die akademiese projek op koers gehou het. Die vraag is nou of ons oor die nodige veerkragtigheid, geduld en selfdissipline beskik om ons oor die wenstreep te dra? Dit is duidelik een saak om ’n akademiese instelling vir ’n tydperk van algehele inperking te sluit en alternatiewe te vind om die akademiese projek aan die gang te hou. Dit is egter heeltemal ’n ander saak om ons aktiwiteite te midde van so ’n ontwrigtende pandemie weer op ’n manier te hervat wat met ons tradisionele of gewone manier van doen ooreenstem.

Om mee te begin, is dit makliker gesê as gedaan om die US se kampusse vir ’n derde van die studentebevolking – soos toegelaat onder die regulasies van vlak 3 van die nasionale ramptoestand – voor te berei. Beteken dit 33% van ons studente sal terug wees in lesingsale, terwyl die ander tweederdes nog moet tuisbly, met die gepaardgaande verwagting dat die eersgenoemde groep kontakonderrig sal ontvang terwyl die grootste groep steeds van afstandsonderrig afhanklik is? In alle opsigte ’n baie groot uitdaging en ’n onderrignagmerrie.

Voeg hierby die vraag oor watter kategorieë studente voorkeur sal kry om na die kampus terug te keer. Hul terugkeer sal dan die aantal en kategorieë personeel per vakgebied bepaal wat moet terugkeer om die nodige onderrig en mentorskap in noodsaaklike fasiliteite te bied. En moenie die kategorieë ondersteuningspersoneel vergeet nie. Bowenal moet ons sorg dat ons mense na ’n veilige instelling terugkeer waar al die gesondheidsvoorsorgmaatreëls en protokolle in plek gestel is.

Die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) het in die Staatskoerant van 8 Junie 2020 verdere voorskrifte aan openbare universiteite verskaf vir die gefaseerde terugkeer van personeel en studente onder die risiko-aangepaste vlak 3. Ek noem enkele punte hieronder:

- Geen studente of personeel mag na kampusse terugkeer tensy hulle spesifiek deur hul instelling in kennis stel is nie. Nadat die instelling bevestig het dat dit gereed is vir hul terugkeer en hulle ingestem het om die nodige gedragskode na te kom, mag die individue wat terugerroep is, terugkeer.

- Hoogstens 33% van die studentebevolking sal na die kampus kan terugkeer vir onderrig, leer en assessering. Die Universiteit sal direk met studente wat eerste onder risikovlak 3 kan terugkeer, in verbinding tree.
- Personeel en studente moet toesien dat hulle in besit van die nodige permitte is alvorens hulle na die kampus reis. Die US sal inligting verskaf sodra besonderhede beskikbaar is.
- Die onderrig- en leerplanne van universiteite moet verseker dat personeel en studente ten alle tye fisieke afstand kan handhaaf en ander gesondheidsprotokolle nakom.
- Personeel en studente moet daagliks ’n selfondersoek doen alvorens hulle hul blyplek verlaat. Higher Health het ’n selfoontoepassing – HealthCheck – ontwikkel wat personeel en studente as ’n daaglikse gesondheidshulpmiddel vir sifting en monitering kan gebruik.

Ons onderskat nie die omvang van hierdie reusetaak nie, maar ons dekane en die betrokke spanne akademici en leiers in ondersteuningsdienste is tans besig om hierdie kwessies aan te spreek.

Ek noem hierdie kompliserende en saamgestelde faktore om die kompleksiteit wat met die fisieke heropening van ons instelling gepaard gaan, te beklemtoon. Hopelik sal dit ons ongeduld en onsekerheid oor ’n vasgestelde tydsraamwerk vir die terugkeer van personeel en studente na ons onderskeie kampusse ietwat help verlig. Studente wat mag terugkeer, sal betyds verwittig word en voldoende tyd kry om terug te keer. Die belangrikste is dat die eerste en tweede eksamengeleentheid uit aanlyn-assesserings sal bestaan.

Kollegas en studente kan gerus wees dat die leierskapspan van die Universiteit Stellenbosch ten volle daartoe verbind is om te verseker dat die volgende skof van die akademiese jaar pragmaties gestuur sal word om die geleenthede vir sukses vir al ons studente en personeel te optimaliseer. Die Institusionele Komitee vir Bedryfsvoortsetting (IKBV) sal die voorskrifte wat vandeesweek deur die DHOO verskaf is, oorweeg en meer gedetailleerde inligting volg binnekort. Raadpleeg asb gereeld die COVID-19-webblad vir die jongste nuus.

Ons bevind ons nou in die eerste eksamenweek. Baie dankie aan ons akademiese en steundienspersoneel wat die aanlyn-assesserings vir die middel van die jaar moontlik gemaak het. Ek wens al ons studente alles van die beste toe vir elke assessering. Maak seker dat julle die riglyne vir aanlyn-assessering vooraf raadpleeg om onnodige spanning net voor die aanvang van ’n eksamen te vermy. Verskeie vorme van ondersteuning is vir ons studente beskikbaar – gebruik asb hierdie dienste.

Pas jul gesondheid op en bly veilig.

Prof Wim de Villiers
Rektor en Visekanselier